

Titel: God se golflengte
Pastor: Lucille May
Datum: 21 Februarie 2010
Tyd: 17:00



I Johannes 5:14-15 NV

¹⁴ En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens Sy wil vra. ¹⁵ En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.

Handelinge 3:6 NV

⁶ Maar Petrus sê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"

Eksodus 4:2-3 OV

² Daarop vra die HERE vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: 'n Staf. ³ En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het 'n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug.

Handelinge 4:32-33 OV

³² En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. ³³ En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

II Timotheus 3:1-4 OV

¹ Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. ² Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, ³ sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, ⁴ verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God

Filippense 2:3-4 NV

³ Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. ⁴ Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Jakobus 1:27 OV

²⁷ Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

Jesaja 6:9-10 OV

⁹ En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyd deur, maar verstaan nie, en sien altyd deur, maar bemerk nie. ¹⁰ Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie...